MIKRO

WERK EN SKEP

# Vervoer op land
# Die fiets

## Graad 4: Geskiedenis





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Die eerste fiets

So vroeg soos die 1800's het mense **tweewiel-masjiene** vir vervoer gebruik. Die ryers moes op die tweewiel balanseer.





Laerskool Mikro Kopiereg ©

# 1817 – Loopmasjien

- ‘n Duitser met die naam **Baron von Drais** het die loopmasjien uitgevind.
- Die **loopmasjien** het twee wiele en was van **hout** gemaak.
- Dit het **geen pedale** gehad nie.
- Die fietsryer het die fiets met sy **voete** op die grond gestoot om te kan beweeg.
- Fietsryers se stewels het nie lank gehou nie.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# 1860's – Hardebandfiets (Beenskudder)




- Die fiets het **twee pedale** aan die **voorwiel** gehad.
- Die fiets is van hout gemaak en het **staalbande** en metaalpedale gehad.
- Die sitplek was groter en geriefliker as die loopmasjien s'n.
- Die hardebandfiets is ook die **beenskudder** genoem.
- Die fietsryer het die pedale gestoot om die fiets te laat beweeg.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# 1870's – Tiekiewawiel

LAERSKOOL MIKRO

- Die **tiekiewawiel** is ook die Penny Farthing genoem.
- Hierdie fietse het een **groot voorwiel** en 'n **klein agterwiel** gehad.
- Dit was baie gemakliker as die beenskudder.
- Die fiets is van metaal gemaak met soliede **rubberbande**.
- Die tiekiewawiel was **gevaarlik** om te ry en fietsryers het gereeld afgeval en hulself seergemaak.



Laerskool Mikro Kopiereg ©



ro Kopiereg ©

# 1880's – Veiligheidsfiets



- Die veiligheidsfiets was **baie veiliger** as die tiekiewawiel.
- Die ryer se **voete kon aan die grond raak** en kon **makliker stop**.
- Die **pedale** was aan 'n ketting vas wat die agterste wiel gedraai het.
- Dit het **rubberbande** en remme gehad.
- Eerste fiets wat **vroue** met gemak kon ry.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Die fiets – Voordele en nadele

| Voordele | Nadele |
|---|---|
| Dit is vinniger as om te stap. | Jy kan nie fietsry in slegte weer nie. |
| Fietse is relatief goedkoop. | Dit is nie gepas om lang afstande met 'n fiets af te lê nie. |
| 'n Mens kry oefening en asem vars lug in terwyl jy fietsry. | Dit is relatief stadig in vergelyking met motors. |
| Fietsbane maak dit veiliger om jou bestemming te bereik. | Die kruis van besige paaie is gevaarlik. |
| Dit is omgewingsvriendelik en stel geen uitlaatgasse vry nie. | 'n Mens kan baie seerkry indien iemand jou raakry. |







Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Fietse van vandag



Driewiel fiets





Bergfiets




Balanseerfiets





Skopfiets



Tandem fiets



Padfiets

Laerskool Mikro Kopiereg ©